

Rapporteerbaar:	Ja / Nee
Sirkuleer onder Regters:	Ja / Nee
Sirkuleer onder Landdroste:	Ja / Nee
Sirkuleer onder Streeklanddroste:	Ja / Nee

IN DIE HOËHOF VAN SUID-AFRIKA (Noord-Kaapse Hoëhof, Kimberley)

Saak No: CAER 10/08
Saak Aangehoor: 26/10/2009
Datum gelewer: 30/10/2009

In die saak tussen:

Stephanus Minnie
Charles Minnie

1ste Appellant
2de Appellant

en

Die Staat

Respondent

Coram: Majiedt R et Olivier R

UITSpraak

Olivier R:

AGTERGROND

1. Mnre Stephanus en Charles Minnie (onderskeidelik die eerste en tweede appellante) het in die Streekhof tereggestaan op aanklagte van aanranding (aanklag 1), menseroof (aanklag 2) en *crimen iniuria* (aanklag 3). Die eerste appellant is skuldig bevind op aanklagte 1 en 2, en die tweede appellant op aanklag 1. Beide appellante is onskuldig bevind op aanklag 3.

2. Die eerste appellant is ten aansien van aanklagte 1 en 2 (saamgeneem) gevonnissen tot 'n boete van R6 000,00 of 12 maande gevangenisstraf, asook 'n verdere 9 maande gevangenisstraf wat voorwaardelik opgeskort is vir 5 jaar. Die tweede appellant is gevonnissen tot 9 maande gevangenisstraf, wat eweneens voorwaardelik opgeskort is vir 5 jaar.
3. Beide appellante kom nou in hoër beroep teen hulle skuldigbevindings en vonnisse.

AANKLAGTE 1 EN 2 (AANRANDING EN MENSEROOF)

4. Die Staat se saak was, in breë trekke, dat die klaer en twee ander seuns vee laat wei het toe die appellante, wat in 'n voertuig ('n bakkie) gery het, op hulle afgekom het. Die beweringe in aanklag 1 was dat die appellante toe die klaer aangerand het deur te poog om hom met die bakkie te stamp en deur hom te slaan, te klap, te wurg en te skop.
5. In aanklag 2 is dit die appellante ten laste gelê dat hulle toe ook menseroof gepleeg het, deur die appellant van sy vryheid te ontnem "deur hom op 'n bakkie te laai, met hom te ry en hom toe te sluit in 'n toilet".

APPELLANTE SE PLEITVERDUIDELIKINGS

6. Beide die appellante het op al die voormelde aanklagte onskuldig gepleit.
7. Hulle saak was, eweneens in breë trekke, dat die klaer en twee van sy maats deur die appellante gevind is op die eerste appellant se grond.

8. Hulle het, wat aanklag 1 betref, ontken dat hulle enigsins die klaer aangerand het.
9. Wat betref aanklag 2, het die appellante erken dat die klaer op die bakkie gelaai is en in 'n toilet toegemaak is, maar was hulle saak dat hulle die klaer regmatiglik in hegtenis geneem het. In hierdie verband het hulle gesteun op die bepalings van artikel 42(3) van die Strafproseswet, 51 van 1977, en was hulle pleitverduidelikings dat hulle vermoed het dat die klaer en sy maats oor die eerste appellant se grensheining geklim het of dit geknip het (ter oortreding van die bepalings van artikels 23 en 24 van die Omheiningswet, 31 van 1963) om die vee op die eerste appellant se grond te bring, maar dat die klaer en sy maats in elk geval ook die grond onwettiglik betree het (ter oortreding van die bepalings van artikel 1 van die Wet op Oortreding, 6 van 1959).
10. In die alternatief hiertoe is aangevoer dat die appellante onder die indruk was dat hulle 'n regmatige arrestasie kon uitvoer op sodanige gronde en dat hulle dus nie die nodige wederegtelikeheidsbewussyn gehad het toe die klaer van sy vryheid ontnem is nie.

GETUIENIS

11. Die Staat het ten aansien van die betrokke gebeure die getuienis aangebied van die klaer en een van die twee maats wat ten tye van die voorval saam met hom was, Clinton Edwin Jacobs, asook dié van 'n ander maat van hulle wat vroeër die betrokke dag ook saam met hulle in die veld was, naamlik Charles Oerson. Die getuienis van mnr M J Charlton is ook namens die Staat aangebied, maar dit is onduidelik waarom, want dit kon geen

bydrae hoegenaamd lewer tot die beslegting van die geskilpunte nie.

12. Die klaer en Jacobs was dus die enigste twee getuies van staatsweë wat 'n bydrae kon lewer ten aansien van wat daardie dag gebeur het toe die appellante op hulle afgekom het in die veld, terwyl die klaer 'n enkelgetuie was ten aansien van wat met hom gebeur het nadat hy deur die appellante met die bakkie na die eerste appellant se woning geneem is.
13. Dit het uit die getuienis van 'n maatskaplike werkster, Me M Adams, geblyk dat die klaer en Jacobs ten tye van die aflegging van hulle getuienis onderskeidelik ongeveer 13 jaar oud en 10 jaar oud moes gewees het.
14. Die getuienis van die twee appellante (die eerste appellant was die vader van die tweede appellant) is in hulle verdediging aangebied, asook dié van 'n geneesheer, Dr J H Meyer.
15. Die volgende het uiteindelik geblyk gemenesaak te wees, of in elk geval nie ernstig in geskil nie:

15.1.Die klaer, Jacobs en 'n derde maat, Timoteus, is inderdaad die betrokke Sondagoggend deur die appellante aangetref op die eerste appellant se grond, tesame met die diere wat daar gewei het.

15.2.Die klaer en sy maats het weggehardloop, maar die klaer is uiteindelik voorgekeer en op die bakkie gelaai, waarna die klaer na die eerste appellant se woning vervoer is, waar die klaer in 'n toilet toegemaak is.

15.3. Die klaer het egter kort daarna ontsnap. Die onderhawige aanklagte is toe teen die appellante gelê en die eerste appellant het toe op sy beurt teen die klaer en sy maats aanklagte gelê (die Staat het egter besluit om nie met die eerste appellant se aanklagte voort te gaan nie).

16. Wat in geskil was, is die volgende:

16.1. Wat aanklag 1 betref, was dit in geskil of die appellante die klaer aangerand het, enigsins of soos beweer.

16.2. So ver dit aanklag 2 (menseroof) aangaan, was die vraag of die vryheidsberowing regmatig of geregverdig was op grond daarvan dat die klaer gearresteer is en, indien nie, of die appellante die nodige wederregtelike bewussyn gehad het.

VERHOORHOF SE BEVINDINGE

17. Die streeklanddros het klaarblyklik bevind dat, alhoewel daar weersprekings in die klaer se getuienis was, hulle nie wesenlik was nie. Daar is bevind dat die klaer se getuienis duidelik was en dat dit in elk geval gestaaf is deur dié van Jacobs, en dat dieselfde nie gesê kon word van die appellante se getuienis nie.

18. Wat die aanklag van menseroof betref, is bevind:

18.1. dat daar geen getuienis was dat die draad beskadig is nie en dat, selfs al sou daar sulke getuienis gewees het, die getuienis nie was dat die appellante die klaer en sy maats "gevind" het, soos bedoel in artikel 42 (3) van die Strafproseswet, waar hulle die draad beskadig het nie.

18.2.dat die klaer en sy maats hulle diere op die eerste appellant se grond gaan haal het (nadat hulle daarheen afgedwaal het vanaf grond waar hulle vroeër gewei het) en hulle geregtig was om te wees, dat hulle dus 'n "wettige rede" (soos bedoel in artikel 1 (1) van die Omheiningswet) gehad het om daar te wees en dat hulle gevolglik ook nie gevind is waar hulle die Omheiningswet oortree het nie;

18.3.dat die appellante dus nie op grond van die bepaling van artikel 42 (3) van die Strafproseswet geregtig sou gewees het om die klaer te arresteer nie; en

18.4.dat, in elk geval, die eerste appellant ook inderdaad die nodige wederregtelikheidsbewussyn gehad het in die vorm van *dolus eventualis* (maar nie die tweede appellant nie).

19. Wat aanklag 3 betref, is daar bevind dat daar nie 'n redelike twyfel bewys is dat die gewraakte woorde tot die klaer gerig is nie en is beide appellante gevolglik op daardie basis onskuldig bevind.

GELOOFWAARDIGHEIDSBEVINDINGE

20. Dit is geëykte reg dat 'n Hof van appel nie normaalweg sal inmeng met 'n verhoorhof se geloofwaardigheidsbevindinge nie, omdat die verhoorhof die voordeel het van persoonlike waarneming van die getuies in die atmosfeer van die verhoor. Dit is egter ewe geëyk dat 'n Hof van appel wel met sulke bevindinge sal inmeng waar hulle duidelik verkeerd is en nie onderskraag word deur die getuienis en die oorkonde nie (sien **S v Hadebe and Others** 1997 (2) SACR 641 (SCA) op 645e-f, **S v Heslop** 2007 (1) SACR 461

(SCA) op 470e-f en **S v Crossberg** 2008 (2) SACR 317 (SCA) para [149]).

21. In die onderhawige geval meen ek dat die streeklanddros se geloofwaardigheidsbevindinge uit die oorkonde duidelik blyk verkeerd te wees. Ek meen verder dat die streeklanddros, alhoewel sy bewus was van die versigtigheidsreël wanneer dit kom by die getuienis van kinders soos die klaer en Jacobs (sien **S v V** 2000 (1) SACR 453 (SCA), dit glad nie toegepas het nie.

AANKLAG 1 (AANRANDING)

Klaer se getuienis

22. Daar was wesenlike teenstrydighede en onwaarskynlikhede in die klaer se getuienis, wat glad nie deur die streeklanddros in haar uitspraak behandel is nie. Ek verwys slegs na enkele.
23. Die klaer het erken dat hy vroeër in sy getuienis 'n leuen vertel het toe hy te kenne gegee het dat hulle glad nie geweet het wat hulle verkeerd gedoen het toe die appellante op hulle afgekom het nie. Hy moes later erken dat hulle goed geweet het dat hulle sonder toestemming op die betrokke grond was. Dit was dan ook duidelik die rede waarom hy en sy maats weggehardloop het toe die bakkie met die appellante aangekom het in hulle rigting.
24. Terwyl die klaer se getuienis was dat hulle moes weggehardloop van die bakkie om nie gestamp te word nie, en dat indien dit nie vir 'n klip was nie, die bakkie hulle sou getref het, het die klaer nie in enige van sy twee verklarings hiervan melding gemaak nie.

24.1. Inteendeel, die klaer het in sy tweede verklaring selfs pertinent gehandel met die wyse waarop die bakkie bestuur is en bloot gesê dat dit "rondom" hulle gery het.

24.2. Die klaer het homself ook weerspreek oor waarom daarom nie van die bedreiging van die bakkie melding gemaak is in sy verklarings nie, veral dan sy tweede verklaring (die inhoud waarvan hy vroeër beweer het korrek was en ook voor sy getuienis deur die aanklaer met hom deurgegaan is).

Hy het eers gesê dat hy vergeet het om vir die polisie daarvan te vertel, en later weer dat hy wel vir die polisie daarvan vertel het (en dat die verklaring dus by implikasie tog onvolledig was).

Waar die klaer vroeër te kenne gegee het dat hy tevrede was met die inhoud van sy tweede verklaring toe die aanklaer dit met hom deurgegaan het, het hy later beweer dat hy eintlik inderdaad vir die aanklaer gesê het dat ook daardie verklaring in hierdie opsig verkeerd was.

24.3. Later in sy getuienis het die klaer by twee geleenthede dit toegegee dat hy nie deur die bakkie gejaag is, soos wat hy vroeër beweer het, nie.

24.4. Die beweerde poging om die klaer met die bakkie te stamp, was duidelik wesenlik vir die Staat se saak, want dit is een van die beweringe in aanklag 1.

25. Die streeklanddros het glad nie gehandel met die feit dat die klaer geen sigbare beserings gehad het nie; dit terwyl die klaer op sy weergawe platgeklap, herhaaldelik hard geskop is met

geskoende voete, bo-op die agterkant van die bakkie gegooi is (sodat hy op sy knieë geland het tussen voorwerpe soos 'n motorbattery, 'n graaf en 'n gaffel) en gewurg is.

26. Alhoewel die klaer 'n kind was, is dit tog van belang dat hyself toegegee het dat dit vreemd was dat hy onder sodanige omstandighede nie sigbare beserings opgedoen het nie.
27. Van meer belang is egter die feit dat die geneesheer wat die klaer op die derde dag na die voorval ondersoek het, Dr Meyer, ook getuig het dat hy met so 'n aanranding nog op daardie stadium sou verwag het om tekens van die aanranding te vind.
28. Met hierdie getuienis is daar glad nie gehandel in die streeklanddros se uitspraak nie.
29. Pogings van die kant van die aanklaer om aan te toon dat die geneesheer nie die klaer behoorlik ondersoek het nie, was onsuksesvol. Dit is duidelik dat die dokter die klaer klinies observeer en betas het tydens die ondersoek.
30. Die klaer se bewering dat die dokter vier tot vyf treë van hom was tydens die ondersoek, het nie gerym met sy eie getuienis (op 'n stadium) dat die dokter sy hemp oopgemaak het nie, en die klaer het toe darem later toegegee dat die dokter "*bietjie na* (hom) *toe gekom*" het.
31. Namens die respondent is die submissie gemaak dat die geneesheer sy mening gebaseer het op getuienis van die klaer dat die skoppe so hard was dat die klaer as gevolg daarvan omgerol het, en is aan die hand gedoen dat die betrokke

getuienis die gevolg was van 'n misleidende vraag (in die vorm van 'n stelling) in die kruisverhoor van die klaer.

32. Wat in hierdie verband in kruisverhoor aan die klaer gestel is, was bloot dat hy vroeër gesê het dat hy "*het gerol van die houe*", wat die klaer toe erken het.

33. Daardie stelling het duidelik gespruit uit die volgende getuienis van die klaer 'n kort rukkie tevore (net voor 'n verdaging):

"Het hy u geskop terwyl u gelê het? === Ja.

En het u op u gesig na onder of op u sy of op u rug geval? === My gesig geval, nie op my gesig nie, ek het hier op my arm gaan val.

.....

Toe u nou geval het het u omgerol voordat beskuldigde 2 u geskop het of het u so gebly lê? === (onhoorbaar). I rolled over.

Kom ek vra net vir u duidelikheidshalwe, toe die Beskuldigde u skop, was u reeds omgerol of was u nog op u arm? === My arm. En die skop wat beskuldigde 2 vir u onder die arm geskop het was dit 'n harde skop of was dit 'n sagte skop? === Harde skop."

34. Hieruit is dit duidelik, ten spyte van die onhoorbare gedeelte, dat die klaer te kenne gegee het dat hy op sy arm gelê het toe hy geskop is en dat hy, na die skop/pe, omgerol het.

35. Teen hierdie agtergrond was die stelling nie misleidend nie. Dit is in elk geval opgevolg met die volgende duidelike vrae en antwoorde ten aansien van die omrol van die klaer:

*"Was dit omdat die ... skoppe so hard was dat u gerol het? ===
Ja.*

*Die Hof kan dus aanvaar dat hierdie skoppe geweldig hard moes
gewees het? === Ja."*

36. Later het die klaer weer bevestigend geantwoord op die vraag
*"En toe u daar aan die eenkant twee keer geskop dat u rol ... so
hard was die houe?"*
37. In hierdie verband was daar in elk geval ook die getuienis van
Jacobs wat, alhoewel hy die klaer weerspreek het deur te sê dat
die klaer staande was toe hy geskop het (en nie gelê het, soos
wat die klaer getuig het, nie), tog gesê het dat die klaer as gevolg
van 'n skop toe geval het.
38. Wat aan Dr Meyer voorgehou is met betrekking tot die getuienis
rakende die geweld van die skoppe, was dus heeltemal korrek.

Jacobs se getuienis

39. Teen hierdie agtergrond kan dan nou gekyk word na die getuienis
van Jacobs, en na die vraag of die streeklanddros korrek was om
daarin staving te vind vir die klaer se weergawe.
40. Ook Jacobs het homself weerspreek met betrekking tot of hulle
geweet het dat hulle sonder toestemming op die eerste appellant
se grond was.

40.1.Sy getuienis was eers tot die effek dat hulle wel sonder
toestemming op die eerste appellant se grond was, maar dat
hulle onder die indruk was dat dit ene Hennis se grond was (waar
hulle volgens hom geregtig sou gewees het om te wees).

40.2.Later was Jacobs se getuienis dat hulle inderdaad op Hennis se grond was en toe bloot op die eerste appellant se grond beland het toe hulle diere daarheen afgedwaal het.

40.3.Die getuie het tog uiteindelik erken dat hulle geweet het dat hulle op grond was waar hulle nie geregtig was om te wees nie, en dat dit verkeerd was.

41. Daar is nêrens in Jacobs se weergawe sprake daarvan dat daar gepoog sou gewees het om hulle met die bakkie te stamp nie.
42. Volgens Jacobs het die klaer gestaan toe hy geskop is (wat, soos reeds gemeld, strydig is met die klaer se weergawe dat hy op daardie stadium gelê het). Dit is moeilik in te dink dat die skoppe dan die klaer onder sy blaai sou kon getref het.
43. Eers toe Jacobs in kruisondervraging gehoor het dat die klaer getuig het dat hy ook geklap is, het hy ook so 'n bewering gemaak.
44. Jacobs het getuig dat die tweede appellant die klaer gewurg het (wat strydig was met die klaer se getuienis dat dit die eerste appellant was wat hom gewurg het), maar in sy verklaring het Jacobs beweer dat dit die eerste appellant was wat dit gedoen het.
45. Dan was daar ook 'n menigte ander wesenlike weersprekings tussen die klaer en Jacobs, veral met betrekking tot die beweerde aanranding, waarvan weereens net enkeles uitgelig word:

45.1. Volgens die klaer het hy, terwyl hy besig was om weg te hardloop, geval as gevolg daarvan dat die tweede appellant hom platgeklap het. Jacobs se getuienis was dat die klaer geval het toe hy deur die tweede appellant "*getackle*", "*uitgesny*" of "*platgeskop*" is, alles waarvan volgens hom dieselfde betekenis gehad het (maar in elk geval nie "*platgeklap*" nie).

45.2. Volgens die klaer is hy van agteraf gewurg deurdat een arm om sy nek gehou is. Volgens Jacobs is die klaer egter van voor af gewurg en wel met twee arms.

45.3. Volgens die klaer se aanvanklike getuienis is hy deur die appellant op die bakkie se agterkant gegooi deur hom aan sy hemp en broek op te tel. Later was sy getuienis egter dat hy opgetel is aan sy arms en bene.

Jacobs se getuienis was eers dat die klaer aan sy voete en arms opgetel is, en later dat hy net aan sy arms opgetel is.

46. Die streeklanddros het oënskynlik glad nie oorweging verleen aan die gebreke in Jacobs se getuienis of aan die weersprekings tussen Jacobs se getuienis en dié van die klaer nie. Die streeklanddros se bevinding dat, bloot omdat Jacobs ook getuig het van 'n aanranding op die klaer, hy die klaer gestaaf het, was 'n oorvereenvoudiging en die streeklanddros het fouteer deur in die proses Jacobs se beskrywing van die besonderhede van die beweerde aanranding in effek buite rekening te laat.

Waarskynlikhede

47. Alhoewel die streeklanddros gewag gemaak het van die noodsaak om ook die waarskynlikhede in ag te neem, het sy oënskynlik nie so gedoen nie.
48. Die streeklanddros moes die getuienis van Dr Meyer, en die onwaarskynlikheid dat 'n aanranding, soos beweer deur die klaer, nie tot beserings sou gelei het nie, in ag geneem het. Daar is geen verwysing hierna in die uitspraak nie.
49. Die streeklanddros het verder glad nie gehandel met die getuienis van Oerson nie. Hy was vroeër die betrokke dag ook saam met die klaer en sy maats in die veld, maar nie meer ten tye van die voorval nie.
50. Die aanklaer het self vir Oerson as 'n getuie geroep en in hoofverhoor reeds die getuienis ontlok dat Timoteus ná die voorval slegs gesê het dat hulle gejaag is. Ook in kruisverhoor het dit duidelik geblyk dat Timoteus nooit aan Oerson enigiets gesê het van 'n aanranding nie.
51. Oerson se getuienis was verder dat die klaer slegs aan hom gesê het dat hy "gevang" is, en nie dat hy aangerand is nie.
52. Hierdie gesprekke het kort ná die voorval plaasgevind en 'n mens sou verwag het dat, indien die klaer aangerand was tot die mate wat hy beweer het, dit vir Oerson gesê sou gewees het.

Appellante se getuienis

53. Die streeklanddros het nie in die uitspraak enige onbevredigende aspekte in die appellante se getuienis ten aansien van die aanranding uitgelig nie (wat die bevinding dat hulle getuienis nie

van so 'n goeie gehalte soos dié van die klaer was nie en dat hulle mekaar nie gestaaf het nie, onverklaarbaar maak).

54. Ek meen egter dat die getuienis dat daar nie spoed vermeerder is om die klaer en sy vriende in te haal nie en dat die klaer, wat as jong seun pas weggehardloop het en aangekeer is en besig was om op 'n vreemde bakkie weggevoer te word, "heel op sy gemak" sou gewees het agterop die bakkie, geargumenteer sou kon word onwaarskynlik te wees.
55. Die tweede appellant se weergawe dat hy die klaer aan sy kraag gevat het en dat die klaer toe gestruik het en geval het, is nie gestaaf deur die eerste appellant nie (wat volgens die tweede appellant minstens moes gesien het hoe hy die klaer weer ophelp), en is ook nooit aan die klaer of Jacobs gestel nie.
56. Alles inaggenome kan daar egter, op die getuienis as 'n geheel gesien, nie na my oordeel gesê word dat die appellante se weergawe ten aansien van die aanranding nie redelik moontlik waar was nie. Anders gestel, die getuienis as 'n geheel het nie 'n bevinding regverdig, bo redelik twyfel, dat die appellante die klaer aangerand het, soos beweer in aanklag 1 of enigsins, nie.

AANKLAG 2 (MENSEROOF)

57. Die bepalings van artikel 42 (3) van die Strafproseswet lees soos volg:

*"Die eienaar, wettige okkupant of persoon in beheer van eiendom waarop of met betrekking waartoe daar **gevind** word dat iemand 'n misdryf pleeg, en iemand deur bedoelde eienaar,*

okkupant of persoon in beheer daartoe gemagtig, kan so iemand sonder 'n lasbrief in hegtenis neem." (My beklemtoning)

Omheiningswet

58. Die appellante het nie op die betrokke dag gaan vasstel of die grensheining beskadig was nie en bloot die afleiding gemaak dat, omdat die klaer en sy maats op die grond was en nie by die hek sou kon ingekom het nie, hulle die draad sou moes beskadig het om toegang te verkry.
59. Daar was verder in elk geval ook getuienis tot die effek dat die grensheining in die verlede al dikwels beskadig is en geen basis is daarvoor gelê dat die betrokke grensheining onmiddellik voorafgaande die voorval met die klaer nog heel was nie.
60. Daar is dus nie van die kant van die appellante 'n basis daarvoor gelê dat 'n afleiding dat die klaer en sy maats oor of deur die heining moes geklim het, of dit moes geknip het, geregverdig sou gewees het nie, en gevolglik is daar ook nie 'n basis gelê vir 'n verweer dat die appellante die klaer sou kon arresteer weens 'n oortreding van enige van die bepalings van artikels 23 of 24 van die Omheiningswet nie.
61. Dit is dus onnodig om te oorweeg of, selfs al sou dit geblyk het dat die klaer en sy maats noodwendig deur die heining moes geklim het of dit moes geknip het, dit op die getuienis bevind sou kon gewees het dat "gevind" is dat hulle die Omheiningswet oortree het, soos bedoel in artikel 42 (3) van die Strafproseswet.

Wet op Oortreding

62. Waar die bepalings van artikel 42 (3) van die Strafproseswet, en die reg om in hegtenis te neem, opgewerp is as 'n regverdigingsgrond vir die vryheidsberowing van die klaer, behoort die Staat na my oordeel die bewyslas te gedra het om dit bo redelike twyfel te weerlê.
63. Die bewyslas in 'n situasie soos hierdie moet onderskei word van dié in 'n geval waar skadevergoeding gevorder word op grond van onregmatige arrestasie sonder 'n lasbrief (sien **Rosseau v Boshoff** 1945 CPD 135 op 137, **Brand v Minister of Justice and Another** 1959 (4) SA 712 (A) op 714F-H, **Minister of Law and Order and Others v Hurley and Another** 1986 (3) SA 568 (A) op 589E en **Minister van Wet en Orde v Matshoba** 1990 (1) SA 280 (A) op 284E-H), net soos wat daar onderskei word tussen die opwerp van noodweer in siviele verrigtinge en in strafverrigtinge (sien **Mabaso v Felix** 1981 (3) SA 865 (A) op 872C-873G en vergelyk **S v Hoho** 2009 (1) SACR 276 (SCA) paragrafe [25] en [33], **S v Engelbrecht** 2005 (2) SACR 41 (W) paragraaf [360] en **S v Geldenhuys** 2009 (1) SACR 1 (SCA) op 20h-21b).
64. Die tersaaklike bepalings van artikel 1 (1) van die Wet op Oortreding lees soos volg:

"Iemand wat sonder die toestemming –

(a) ...

(b) van die eienaar van ... grond ...,

sodanige grond betree of daarop is ..., is aan 'n misdryf skuldig tensy hy wettige rede het om sodanige grond te betree of om daarop te wees"

65. Die streeklanddros het, in haar verwerping van hierdie verweer, van die vertrekpunt uitgegaan dat die klaer en sy maats slegs op die eerste appellant se grond gegaan het ten einde die diere daar te gaan haal wat daarheen oorbeweeg het.
66. Die vraag is, eerstens, of daar getuienis was wat so 'n bevinding bo redelike twyfel sou kon fundeer. Ek meen dat die antwoord hierop ontkennend moet wees.

66.1.Ek het reeds gewys op die verskille tussen die klaer en Jacobs oor hoe dit gekom het dat hulle en die diere op die eerste appellant se grond beland het.

66.2.Waarom sou die klaer en sy maats dit nodig geag het om weg te hardloop (volgens Jacobs terwyl Timoteus nogal lag) indien hulle bloot die diere wou gaan verwyder het?

66.3.Hoe rym die getuienis dat hulle die vee gaan haal het, toe verder gespeel het en 'n bok gemelk het, en toe gelê en rus het, daarmee dat hulle dan steeds op die eerste appellant se grond was toe die appellant op hulle afgekom het en Jacobs alarm gemaak het oor die naderende bakkie? Dit beteken tog dat hulle nie gevind is waar hulle besig was om vee vanaf die eerste appellant se grond te verwyder nie, maar wel waar hulle daar gelê en rus het en toe begin hardloop het toe die bakkie aangekom het.

66.4.Dit was ook nooit die klaer en Jacobs se getuienis dat hulle toe gehardloop het om die vee te gaan haal nie. Hulle getuienis was dat hulle toe gehardloop het om weg te kom van die appellante.

66.5. Op die klaer se eie weergawe lyk dit heel duidelik asof die klaer en sy maats heel doelbewus betree het op die eerste appellant se grond, terwyl hulle goed geweet het dat hulle en hulle vee nie geregtig was om daar te wees nie. Dit is tog sekerlik waarom hulle, toe Jacobs die eerste keer iets gehoor aankom het en hulle van die appellante se bakkie in die veld bewus geraak het, die bokke bymekaar gemaak het en “*bietjie vorentoe*” gekom het (maar nog nie af van die eerste appellant se grond af nie).

66.6. Inteendeel, op die klaer se weergawe moes hulle toe ook doelbewus op die eerste appellant se grond gebly het toe hulle die kliphuisie gaan bou het, die bok gemelk het en gelê het, want dit was gemenesaak dat hulle deur die appellante gevind is op die eerste appellant se grond. Die feit dat hulle toe weggehardloop het toe die bakkie aankom, toon dat hulle goed geweet het hulle is steeds op die eerste appellant se grond, of minstens dan grond waar hulle nie gemagtig was om te wees nie.

67. Op die getuienis was daar dus na my oordeel geen ruimte vir ‘n bevinding, bo redelike twyfel, dat die klaer en sy maats bloot op die eerste appellant se grond was om die diere te gaan haal nie.
68. In die lig hiervan laat ek my nie uit oor die vraag of die haal van die diere, op die getuienis en omstandighede hier tersprake, ‘n “*wettige rede*” sou kon gewees het soos bedoel in artikel 1 (1) van die Wet op Oortreding nie.
69. Die Staat het hom dus nie gekwyd van die las om te bewys dat die klaer en sy maats nie deur die appellante gevind is waar hulle besig was, minstens, om die bepalings van artikel 1 (1) van die Wet op Oortreding te oortree nie.

70. Selfs al sou hier ook sprake gewees het van 'n bewyslas op die appellante, sou hulle daardie bewyslas na my oordeel gekwyf het.
71. Die streeklanddros se bevinding dat die klaer en sy maats slegs aan hierdie oortreding skuldig sou kon gewees het as hulle geweier het om gehoor te gee aan 'n versoek om die grond te verlaat, is duidelik verkeerd. Dit klop nie met die betrokke bepalings nie. Inteendeel, dit sou in 'n geval soos hierdie, waar die klaer en sy maats op alle aanduidings bewustelik op die eerste appellant se grond was terwyl hulle geweet het dat hulle nie toestemming gehad het nie en dat dit verkeerd was, 'n bespotting maak van die betrokke bepalings.

Wederregtelikheidsbewussyn

72. Dit was die appellante se saak dat die tweede appellant die klaer in opdrag van die eerste appellant gearresteer het en dat die eerste appellant van plan was om die klaer aan die polisie te oorhandig (sien **Langeberg Foods Limited and Another v Tokwe** [1997] 3 All SA 43 (OK) op 47h-48b en **Duncan v Minister of Law and Order** 1986 (2) SA 805 (A) op 820D-E).
73. Die feit dat die eerste appellant ook die klaer wou gevra het wie se diere dit was, sou geen afbreuk doen hieraan nie.
74. Die eerste appellant se getuienis dat hy die klaer laat arresteer het en aangehou het om hom aan die polisie te oorhandig:

74.1.strook met die feit dat hy al dikwels in die verlede ook by die polisie klagtes aanhangig gemaak het rakende die betreding van sy eiendom; en

74.2.word ondersteun deur die feit dat daar reeds op die toneel waar die klaer aangekeer is al gesê is dat die klaer na die polisiestasie geneem moes word.

75. Teen hierdie agtergrond is daar geen basis waarop die eerste appellant se getuienis dat hy twee keer van sy huis af die polisie probeer bel het, verwerp sou kon gewees het as onwaarskynlik of nie redelik moontlik waar nie.

76. Dieselfde geld vir die eerste appellant se verduideliking oor waarom hy nie die klaer sommer reguit na die polisiestasie geneem het nie, maar hom in die buitetoilet toegemaak het. Selfs al sou moontlik geargumenteer kon word dat die appellant net so maklik sy vrou by die huis kon afgelaai het en met die klaer sou kon gery het na die polisiestasie, sou nie gesê kon word dat sy verduideliking dat hy in elk geval eers sy vrou by die huis moes besorg en om daardie rede verkies het om die klaer daar te laat haal, nie redelik moontlik waar is nie.

77. Die streeklanddros het bevind dat:

77.1.die oormatige geweld wat deur die appellante op die klaer toegepas sou gewees het; en

77.2.die feit dat die klaer se maats nie ook gearresteer is nie, aanduidend daarvan was dat die eerste appellant nie kon gedink het dat die arrestasie regmatig of wettig was nie.

78. Ek het reeds gehandel met die beweringe van geweld, en met die streeklanddros se bevindinge daaraangaande.
79. Dit is in elk geval moeilik om te begryp hoe oormatige geweld *per se* die afleiding sou kon regverdig dat die bedoeling nooit was om die klaer te arresteer en na die polisie te neem nie.
80. Verder is dit duidelik uit die getuienis dat die klaer uitgesonder is omdat hy na die oudste van die betreders gelyk het en dat dit die rede was waarom hy gearresteer is. Die maats het in elk geval weggehardloop en dit is dus nie asof die appellante werklik die geleentheid gehad het om aldrie van hulle te arresteer nie.

EED/WAARSKUWING

81. Volgens die oorkonde soos wat dit oorspronklik vir die doeleindes van die appèl ingedien is:

81.1.sou die klaer die eed opgelê gewees het sonder enige aanduiding daarvan dat oorweging verleen is aan die vraag of hy die aard en betekenis van die eed verstaan het; en

81.2.sou die streeklanddros, in die geval van Jacobs, versuim het om enige oorweging te verleen aan of hy die aard en betekenis van die eed sou verstaan en of hy tussen waar en onwaar kon onderskei, en ook toegelaat het dat hy getuig sonder om hom uiteindelik die eed op te lê of selfs te waarsku.

82. Ons het, uitgaande van die veronderstelling dat die oorkonde in alle opsigte volledig was en op die basis van die bogemelde veronderstellings, toe bepaalde navrae gerig aan die advokate,

en aan die streeklanddros, met betrekking tot wat die regsgevolge van so 'n toedrag van sake sou wees.

83. Die streeklanddros het ons sedertdien voorsien van verdere transkripsies, wat duidelik op haar versoek en as gevolg van ons navrae gedoen is, waaruit dit nou blyk dat die betrokke stappe wel geneem is voordat die minderjarige getuies begin het met hulle getuienis en dat al drie van hulle inderdaad behoorlik gewaarsku is ingevolge die bepalinge van artikel 164 van die Strafproseswet, nadat daar na afloop van deeglike ondersoeke ooglopend tot die slotsom gekom is dat nie een van die kinders die aard en betekenis van die eed verstaan het nie, maar dat hulle wel kon onderskei tussen waar en onwaar.
84. Dit blyk uit die streeklanddros se antwoord, en uit 'n skrywe van 'n werknemer van die maatskappy wat in hierdie geval vir die transkripsie van die oorkonde verantwoordelik was (Transcription Africa), dat dit die *"werkswyse van die maatskappy (is) om nie die eed soos afgelê deur getuies te tik nie"*.
85. Waar kinders as getuies optree, rus daar 'n plig op voorsittende beamptes om seker te maak dat hulle kan onderskei tussen waar en onwaar, dat die eed slegs opgelê word waar 'n getuie die aard en betekenis daarvan verstaan en dat, in 'n geval waar 'n jeugdige getuie die aard en betekenis van die eed nie verstaan nie, maar tog kan onderskei tussen waar en onwaar, die betrokke getuie behoorlik gewaarsku word soos bedoel in artikel 164 van die Strafproseswet.
86. Sou dit blyk dat nie aan hierdie aspekte oorweging verleen is voordat die eed opgelê is of iemand gewaarsku is nie, of dat 'n getuie getuig het sonder dat hy/sy die eed opgelê is of

gewaarsku is, sou dit normaalweg tot gevolg hê dat sodanige getuienis ontoelaatbaar sal wees. (sien onder andere **S v B** 2003 (1) SACR 52 (SCA) en die besprekings van die bepalinge van artikels 162 en 164 van die Strafproseswet in die losbladwerk **Commentary on the Criminal Procedure Act** van Du Toit en Andere te bl 22-18E tot 22-20A).

87. Die betrokke aspekte is dus van wesenlike belang, meer in die besonder in die geval waar kinders as getuies geroep word, en na my oordeel behoort ook hierdie gedeelte van die verrigtinge dus altyd in sodanige gevalle volledig getranskribeer te word.
88. Hier het dit gelukkig nou geblyk dat die streeklanddros wel die betrokke voorskrifte van die Strafproseswet behoorlik nagekom het, maar die versuim om die betrokke ondersoeke, bevindinge en waarskuwings te transkribeer, het gelei tot onnodige tydsverkwisting en moeite; nie net vir die streeklanddros nie, maar ook vir die advokate, wat op die basis van die oorkonde in sy onvolledige vorm versoek is om aanvullende betoogshoofde in te dien.
89. Ek meen dus dat hierdie uitspraak onder die aandag gebring moet word van diegene wat belas is met die voorbereiding en versorging van transkripsies van hofverrigtinge in hierdie Hof se regsgebied.

SLOTSOM

90. Na my oordeel moet die appèl dus teen albei die appellante se skuldigbevindings slaag, en in die geval van die eerste appellant ook inderdaad ten aansien van beide sy skuldigbevindings.

91. Dit maak dit onnodig om die appèlle teen die vonnisse te oorweeg.

BEVELE

92. Ek sou dus in die omstandighede hierin die volgende bevele maak:

1. Die appèl teen die appellante se skuldigbevindings slaag en gevolglik word die eerste appellant se skuldigbevindings op aanklagte 1 en 2, die tweede appellant se skuldigbevinding op aanklag 1 en beide die appellante se vonnisse tersydegestel.
2. Die Griffier word versoek om te verseker dat hierdie uitspraak, en meer bepaald paragrawe 81 tot 89 daarvan, onder die aandag gebring word van die Klerke van die Landdroshowe binne hierdie Hof se regsgebied en van die instansies wat transkripsies voorberei van hofverrigtinge in hierdie Hof se regsgebied.

C J OLIVIER
REGTER
NOORD-KAAPSE AFDELING

MAJIEDT R:

93. Ek is dit eens met my kollega dat die appél moet slaag vir die weloorwoë redes wat hy voorgehou het. Ek ag dit egter nodig om enkele opmerkings by te voeg.

94. By die deurlees van die oorkonde het die sterk vermoede by my ontstaan dat alles nie pluis is met die Appellante se oënskynlik onskuldige relaas van gebeure nie. Behalwe vir die onwaarskynlikhede in hulle weergawes uiteengesit deur Olivier R hierin, kom hul optrede deurlopend bra verdag vir my voor, so asof daar sinistêre bymotiewe was met hul optrede daardie dag. Hulle (veral die Eerste Appellant) gaan stel glad nie eers vas op enige stadium of die draadheining wel beskadig is nie en hulle doen geen moeite om die vee te probeer aankeer en te laat skut nie. Verder word daar geen moeite hoegenaamd gedoen agterna om te probeer vasstel wie die werklike eienaar van die vee is nie (want dit kon tog nooit die drie jong seuns s'n wees nie). Die verduideliking aangaande die klaer se toesluit in 'n donkerige buitetoilet val my as eenvoudig onoortuigend op. Daar is geen rede waarom, gegewe die omstandighede, die klaer nie binne in die woning kon wag onder toesig totdat die polisie opdaag nie. Dis insiggewend dat die getuie Edwin Jacobs onder kruisondervraging getuig het dat hy later vir die klaer gesien het:

".....hy het asvaal terug gekom hol, vol spinnerakke".

Hierdie brokkie getuienis wat tot 'n mate die klaer se getuienis staaf dat die buitetoilet donker en vuil was, was glad nie betwis nie.

95. Hierdie voorval het blykbaar groot ontevredenheid ontlok onder die Lutzburg gemeenskap, om verstaanbare redes. Hoe dit ookal sy, dit strek tot die voordeel van die Appellante dat die Staat nie die mas kon opkom met die bewys van sy saak bo redelike twyfel nie.

96. 'n Laaste aspek: die Streeklanddros het ongelukkig nagelaat om voldoende beheer oor die verrigtinge wat kruisondervraging aanbetref, uit te oefen. Die verhoor was gekenmerk deur ellingelange, repeterende kruisondervraging wat aan treitering ("badgering") grens. Beide die staatsaanklaer en die Appellante se prokureur het hulle daaraan skuldig gemaak. Die gevolg was dat veral die jong, ongesofistikeerde Staatsgetuies, die klaer en Jacobs, se getuienis maar power vertoon op die oorkonde (en daarmee doen ek glad nie afbreuk aan Olivier R se geregverdigde kritiek en ongunstige geloofwaardigheidsbevindinge teen hulle nie). Die inkorting van herhalende sirkelgang kruisondervraging dra by 'n verhoor baie by tot die vereenvoudiging van die geskilpunte en vestig makliker die fokus direk op sodanige geskilpunte. Die absolute laagtepunt is bereik toe die aanklaer op erg neerhalende wyse met Dr. Meyer ('n behoorlike gekwalifiseerde algemene mediese praktisyn met bykans 24 jaar ondervinding) geredekawel het daaroor dat hy nie 'n dokter is nie, maar bloot as "meneer" aangespreek behoort te word (kwansuis omrede hy nie oor 'n doktorsgraad beskik nie).

Ek reik die bevel uit soos voorgelê deur Olivier R hierbo.

**S A MAJIEDT
REGTER
NOORD-KAAPSE AFDELING**

In opdrag van: Duncan & Rothman, KIMBERLEY

Nms Respondent: Adv JJ Rosenberg

Namens: Directeur van Openbare vervolgings, KIMBERLEY